Ek is dié Seun van VADER

G. J. du Preez 072 1876 076

Ek is die Seun van VADER

Ons begin met Moses. YAH praat met Moses en gee hom opdragte, maar hy wou toe weet wie hom stuur. YAH noem toe aan hom dat Hy nog nooit Sy Naam aan enige van sy voorsate gegee het nie en dat hy die eerste sal wees Ex.6:1. Wat beteken dit? Dit beteken dat vanaf Adam tot op Moses, almal YAH as Opperhoof aangespreek het. Nou kom die vertalers en verwar Miljoene met hulle eie sieninge soos bv.: uit Grieks na Engels speel hulle willekeurig met woorde soos, I in Engels se verwysing is G 1473 (egó) G 595 (âuôkîy) of G 589 ('âuiy). Am in Engels se verwysing is G 1510 (eimi) G 1511. I am saam in Engels se verwysing is G 1961 (bâyâh) of G 1510. Hulle argument is dat die skrif volgens die plekwaarde of omstandighede aangepas moet word, omrede die Griekse skrif verskillende betekenisse het van dieselfde woord. Gaan gerus en slaan net die woorde "Ek is" na in die skrif en jy sal baie vraagtekens daaraan kan hang. Soos bv.: YAHUSHA spreek Sy dissipels aan in Joh. 13:19... *wanneer dit gebeur, julle kan glo dat dit <u>Ek is</u>.* Joh. 8:28....*Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit <u>Ek is</u>*; Hoor julle wat YAHUSHA sê? Hy sê YAH! Hy sê nie net, Ek is nie. Hoekom sou Hy aan hulle dit so deurgegee het as hulle Hom al vir 3 jaar ken as 'YAHUSHA'. M.a.w. hulle sou Hom net as YAHUSHA (*vriend*) gesien het wat nou doodgegaan het aan die folterpaal, maar toe hulle sien wat gebeur het, toe erken en onthou hulle dat Hy eintlik gesê het "YAH" (*Veral toe YAHUSHA opvaar in die hemele in*).

In die "nuwe" Testamentiese Skrifte het YAHUSHA baie kere probeer deurgee dat Hy die Seun is van VADER. Soos in *Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.:18 Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.:28 Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na My VADER, omdat My VADER <u>groter</u> is as Ek. m*.a.w. Hy was alreeds daar gewees en gaan weer deur VADER gestuur word. Om weer terug te kom na die woordjie "Ek is" wil ek die vraag vra; waar in die ganse skrif staan dit dat YAHUSHA sê dat "Ek is die VADER". Hy sê: Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Ek is die <u>Seun</u> van VADER. Ek woon in VADER en Hy woon in My. Ek is die Alfa en die Omega. Ek is die eerste en die laaste, Ek is die Koning, ens. As VADER sê Hy is die Seun, dan praat Hy mos nie die waarheid nie. So ook die teenoorgestelde.

Kom ons luister wat sê YAHUSHA aan die Emmaüsgangers. Luk 24:25 En *Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die <u>profete gespreek het</u>!* 24:26 *Moes die Gesalfde nie hierdie dinge <u>ly en in Sy waardigheid ingaan nie</u>?* Luk 24:27 En *Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge <u>wat op Hom betrekking</u> het.*

YAHUSHA praat oor die profete wat van Sy lyde en Sy waardigheid geprofeteer het en so ook wat net op Hom betrekking het.
*Ps.22:12-23 (*VADER*) Wees nie ver van my af nie, want die nood is naby, want daar is geen helper nie. :13 Baie stiere het My omsingel (*Skrifgeleerdes en Fariseërs*) :14 Hulle het hul mond teen My oopgespalk soos 'n leeu wat verskeur en brul. :15 Ek is uitgestort soos water; al My beendere raak los; My hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in My ingewande. :16 My krag is verdroog soos 'n potskerf, en My tong kleef aan My verhemelte; en U (*VADER*) lê My neer in die stof van die dood. :17 Want honde het My omsingel; 'n bende kwaaddoeners het My omring; hulle het My hande en My voete deurgrawe. :18 Al My beendere kan ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevalle op My neer! :19 Hulle verdeel My klere onder mekaar en werp die lot oor My gewaad. :20 Maar U, VADER, wees nie ver nie; My Sterkte, maak tog gou om My te help! :21 Red My siel van die swaard, My enigste uit die mag van die hond. :22 Verlos My uit die bek van die leeu, en uit die horings van die buffels het U My verhoor! :23 Ek wil U Naam aan <u>My broers vertel</u>, in die vergadering U prys.*

Jes.50:4-9 Die VADER het My 'n geoefende tong gegee, dat Ek kan weet om die vermoeide te verkwik met woorde; Hy wek elke môre, Hy wek My oor om te hoor soos die leerlinge. :5 Die VADER het My oor geopen, en Ek was nie wederstrewig nie; Ek het nie agteruitgewyk nie. :6 Ek het My rug gegee vir die wat slaan, en My wange vir die wat die hare uitpluk; My aangesig het Ek nie verberg vir smaadhede en bespuwing nie. :7 Maar die VADER help My; daarom kom Ek nie in die skande nie; daarom het Ek My aangesig gemaak soos 'n keisteen, en Ek weet dat Ek nie beskaamd sal staan nie:8 Hy is naby wat My reg verskaf. Wie wil met My 'n regsaak begin? —laat ons saam optree! Wie is My teëparty? —laat hom nader kom na My toe! :9 Kyk, die VADER help My: wie is dit wat My kan veroordeel? Kyk, hulle sal almal verslyt soos 'n kleed; die mot sal hulle eet. :10 Wie is daar onder julle wat VADER vrees, wat na die stem van Sy Kneg luister wat in duisternisse wandel en geen ligstraal sien nie? -laat hy vertrou op <u>die Naam</u> van YAH en steun op Sy VADER!

Jes.53:1-4 Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van VADER geopenbaar? :2 Hy tog het soos 'n loot voor Sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of lofwaardigheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. (Uitmekaar geslaan) *:3 Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n Man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. :4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur VADER geslaan en verdruk was.*

Jes.53:5-12 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.:6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar YAH het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie.:8 Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder Sy tydgenote—wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. :9 En hulle het Hom Sy graf by die bose gegee; en by 'n ryke was Hy in Sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in Sy mond gewees het nie. :10 Maar dit het VADER behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as Sy siel 'n <u>skuldoffer</u> aangebied het, sal Hy 'n <u>nakroos sien</u>; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van VADER sal deur Sy hand voorspoedig wees. :11 Weens die moeitevolle lyde van Sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur Sy kennis sal My Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra. :12 Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy Sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die wetsoortreding van baie gedra en vir die oortreders gebid het.

Dan.7:9-10 Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae(VADER) gaan sit het; Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy hoof soos skoon wol; Sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur. :10'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tien duisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. Dan 7:13,14,22 Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens,(YAHUSHA) en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.(VADER):14 En aan Hom is (YAH) gegee heerskappy en eer en koningskap;en al die volke en nasies en tale het Hom vereer;Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie,en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie. :22totdat die Oue van dae kom en aan die reines van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die reines die koninkryk in besit geneem het. Dan.7:26Maar <u>die gereg sal sit</u>, en hulle sal hom(Ha satan) die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig.:27Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die reines van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.

1 Pet. 1:19-21 maar deur die kosbare bloed van dié Gesalfde*, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos. :20 wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil.:21 julle wat deur Hom glo in VADER wat Hom uit die dode opgewek en Hom hoogagting gegee het, sodat julle geloof en hoop op VADER kan wees.*

Joh.17:*24 VADER, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My hoogagting kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.*

Hand.7:55 *Maar hy was vol van die Rein Gees en het die oë na die hemel gehou en die hoogagting van VADER gesien en YAHUSHA wat staan aan die regterhand van VADER. 1Joh. 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons VADER liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en SY Seun gestuur het as 'n versoening vir ons wetsoortredinge.*

As die Skrifte jou nie oortuig dat YAH die Gesalfde YAHUSHA is nie, is dit nie vir jou nie. As jy sê dat Daniël se profesieë gelykenis is dan is al die profete net storievertellers, want die profeet se woorde moes getoets word aan toekomstige gebeurtenisse en nie aan iets soortgelyk nie, of in die plek van (*antichris, anti – Nasaréner of strydend*).

Ns: Vir die hardhorendes: In die hele leeftyd van YAHUSHA tot Sy foltering het almal hom aangespreek as Meester YAHUSHA of dié Gesalfde en ook natuurlik geëerde name ook, maar niks meer nie. Hulle het Hom gerespekteer weens Sy wysheid en wonders wat Hy gedoen het. YAHUSHA was vir die eerste keer in Handelinge 2 genoem <u>YAH</u> YAHUSHA dié Gesalfde, m.a.w. na Sy foltering het hulle besef dat Hy YAH is, "Die gestuurde deur VADER!" (*Volgens die verdraaide Skrifte, eers "J*sus Christus" toe na foltering "H*re J*sus Christus").*

Hand. 2:36 Laat dan die hele huis van ~~Israel~~ Yashar'EL *sekerlik weet dat VADER Hom YAH en dié Gesalfde gemaak het, hierdie YAHUSHA wat julle gefolter het. Heb 13:20 Mag VADER van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse YAH, YAHUSHA dié Gesalfde, deur die bloed van die ewige Verbond uit die dode teruggebring het. 1 Pet.1:3 Geseënd is die VADER en VADER van onse YAH, YAHUSHA dié Gesalfde wat na Sy grote barmhartigheid ons die van bo geboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van YAHUSHA dié Gesalfde uit die dode.*

2 Joh. 1:3 guns, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van VADER die VADER en van YAH, YAHUSHA dié Gesalfde, die Seun van VADER, in waarheid en liefde.

Ek het tot die besef gekom dat die groot meerderheid "dink" hulle ken die VADER. Ek het begin verstaan hoekom die meerderheid sê dat daar 'n Vader Seun en Gees in een is! *Mal. 1:6 ... As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My? sê YAH van die leërskare...* In die verouderde Verbond lees almal tog YAH (YAHUSHA) en dié Rein Gees wat met Hom was en dat Hy 'n Vader is.
Daarom sê die meerderheid "Vader in die vlees", want Maleagi bevestig dit. Ek verstaan nou hulle argument (*wat op 'n sekere manier reg is*) dat Vader YAH gekom het as YAHUSHA dié Seun. YAHUSHA word bevestig dat Hy die Skepper is van alle dinge. *Jer. 10:12 Hy wat die aarde gemaak het deur Sy krag, wat die wêreld gegrond het deur Sy wysheid en die hemel uitgespan het deur Sy verstand. Joh 1:2 Hy was in die begin by VADER.*
Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom (YAHUSHA) ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Mal 1:6 ..... As Ek dan 'n Vader is, waar is My eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My?

YAHUSHA is 'n Vader, maar nie "dié VADER" nie, en Hy is ook YAH.
*Mat 28:17 En toe hulle Hom (*YAHUSHA*) sien, het hulle Hom "<u>aanbid</u>".*
...Ex. 20:3 – 5 Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie... Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, YAH jou Skepper... Toe hulle Hom sien weet hulle dat hulle met YAH van ouds te doen het, daarom die aanbidding van Sy dissipels.
*Joh 21:12 YAHUSHA sê vir hulle: Kom eet! En niemand van die dissipels het gewaag om Hom te vra: Wie is U nie? omdat hulle wis dat dit YAH was (*nie nou net Meester YAHUSHA nie, maar Skepper YAH).
(*1 Joh. 4:9*; *Hand. 8:37*; *Matt. 3:17* ; *Matt. 16:16*; *Matt. 26:63* ; *Mark. 1:1*; *Joh. 20:31*; *1 Pet. 1:21*; *Open. 3:5*; *Jak. 1:1*; *1 Joh. 1:3*; *1 Joh. 2:1*; *1 Joh. 4:9*; *1 Joh. 5:1*; *Open. 1:1*; *2 Joh. 1:3*; *Open. 2:18*; *Open. 12:17* ; *2 Pet. 1:17; ens.* Volg gerus die vers verwysings)

Die uitverkore sal verstaan dat dit YAH was in die oud Verbond (ou Testament). Dat dit Hy was wat met die volk getrou en gewandel het in die woestyn waarvoor hulle bevrees was vir hulle lewe toe VADER gespreek het op die berg Sinai. Dat dit Hy is wat die tien stamme geskei het deur hul voortdurend halsstarrigheid. Dat dit Hy was wat die volk gewaarsku het deur Sy profete en so ook deur hulle voorspellings gegee het. So was dit "YAH" vanaf Adam tot Abraham, van Abraham tot Jakob, van Jakob tot Moses en van Moses tot op Johannes die Doper. YAH is toe gestuur deur VADER as Losser om Sy volk los te koop.

Soos bo uitgewys dat YAH as'YAHUSHA'op aarde was vir 33 jaar,waarvan Hy opgevaar het na die Hemele en sit aan die regterhand van VADER. Waarvan YAH (YAHUSHA)weer gaan kom,(deur VADER)maar die keer as Koning YAH.

Ek noem dat ons nie 'n verdeelde Vader dien nie! , m.a.w. Vader YAH wat gekom het as YAHUSHA dié Gesalfde wat die Skepper is van alle dinge (*wat ons van weet*) Ek prys YAH dat Hy aan my die openbaring (verborgenheid) gegee het dat daar 'n VADER bo Hom is wat ons almal (YAH ingesluit) insluit.
Baie gaan nou sê: Ja, maar wat van die Ex. 3 – 5 "Geen ander gode"?
Lees en verstaan die gedeelte!
Eerstens: Wie praat? Wie gee die Gebooie deur ? YAH die Seun!
Tweedens met wie praat Hy? Sy Uitverkore volk, Sy vrou, Sy Eie Bloedlyn!

YAH as Vader praat met Sy kinders (Yashar'EL) en gee hulle bevele. Hy praat nie met die hemel-wesens waar VADER die Opperhoof is nie. Hy praat as (Vader) Man oor Sy vrou. Hy is jaloers op haar, daarom die Wette. YAH wat die vrou by VADER ontvang het Heers oor haar.

In Mark. 13:32 staan dat YAH weet nie wanneer die oordeelsdag gaan wees nie, maar net die VADER.
In Matt. 19:17 *En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik VADER*.

Weereens bevestig ek net dat ek nie 'n verdeelde VADER aanbid nie, maar wel 'n verdeelbare Vader wat die Seun is. Dié Seun van dié onverdeelbare VADER wat Sy Naam aan Moses bekend kom stel het as YAH; wat gekom het as YAHUSHA dié Gesalfde.

Ek sluit met die vers: *Matt. 11:27 Alles is aan My oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun <u>dit wil openbaar</u>.*

Open. 22:21 Die guns van onse YAH, YAHUSHA dié Gesalfde sy met julle almal! Amein.

Bedink dit